PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

Gereformeerde Kerk Benoni

Rom 12:2

Polsslag

21 Oktober 2018

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

VRA JOU VRAE, VOORSTELLE OF KOMMENTAAR:
https://goo.gl/WFtT3F

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

09:00 Oggenddiens

dr. Braam Krüger

***Skrifgedeelte**: Hebreërs 12:1 - 13*

***Fokusverse**: Hebreërs 12:12*

***Tema:** Gaan die res van die jaar in met hernieude ywer en oorgawe!*

17:00 Lof- & Aanbiddingsdiens

dr. Braam Krüger

***Skrifgedeelte:** Jeremia 29:10 - 14*

***Fokusvers:** Jeremia 12:12*

***Tema: D**ie armoede van voorspoedteologie*

18:30 Aanddiens

ds. Peet van der Walt

KOINONIA *Ons gee om vir mekaar*

ONS DOEN VOORBIDDING VIR :

- Marilena Venter se Ma, Martie, was die afgelope week geopereer vir 'n senuwee wat in haar rug vasgeknyp was. Die operasie was suksesvol, en ons bid vir volkome herstel. Dit gaan ook nie goed met Marilena se broer, Stephanus nie.
- Corrie van den Berg wag nog op toetsuitslae nadat daar kwaadaardigheid by haar dikderm gevind is.
- Lenie Venter moet Maandag 'n spesialis gaan sien. Daar is gevind dat vloeistof van haar brein uitlek na haar nek.
- Steffie Flies is in Parkland hospitaal opgeneem met 'n maagsweer.

GELUKWENSINGS:

- Baie geluk aan die volgende skoliere:
  - Theo Buys wat as hoofseun by Brandwag aangewys is, en
  - Tarien Buys wat as 'n hoofleier by Brandwag aangewys is.

- Alle lidmate en belangstellendes word genooi om saam met die belydenisklas te kom luister en deel te neem aan die gesprek direk na die Lof– en Aanbiedingsdiens (18:00) in die konsistorie. Die tema wat bespreek sal word is Pentakostalisme
- Navrae by Braam Krüger op 082 459 5636

OUDERLING DIENSBEURTE	
14 Oktober	Helgard Potgieter
28 Oktober	Piet Bateman
TEESKINKBEURTE - OKTOBER	
21 Oktober	Hannes vd Linde & kinders
28 Oktober	Wyk D17

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY DIE EREDIENS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK

DAG	TYD	GELEENTHEID	KONTAKPERSOON
Vandag	Na diens 18:00	Katkisasie graad 1 - 7 Katkisasie graad 8—11	
Maandag	09:30 19:00	Rynpark 5 Bybelstudie Volwasse kategese	Adri Goede 083 654 4821 Braam Krüger 082 459 5636
Dinsdag	09:00	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Donderdag	19:00	Bybelstudie: Studente en jongwerkendes	Nico Boshoff 081 049 7066
Vrydag	06:30 09:00	Mans gebedsgroep Bybelstudie met Braam	Schalk van Eeden 082 561 9409 Braam Krüger 082 4595636

GKSA BEROEPENUUS

BEROEPE ONTVANG

- Proponent JN Hibbert (Josef) na Pietersburg-Noord
- Ds RJ Pretorius (Rynhardt) van Buffeldoorns na Benoni as medeleraar

VERJAARSDAE 21 - 27 Okt

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

DAG	NAAM	KONTAK NO.
Vandag	Liz Blignaut Logan Salomons ☺	072 275 7499
Ma 22/10	Connor Herbst ☺	
Di 23/10	Mieke Grobler ☺	
Wo 24/10	Jana Bateman Zirk Joubert	064 902 1753
Do. 25/10	Amone Coetzee ☺ Nina du Plessis ☺ Jessica Stapleton	
Sat. 27/10	Odette Emmerson	072 120 4285

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

Indien die verjaarsdag verkeerdelik geplaas is, vra ons omverskoning, maar wees asb. so gaaf om dit by die administratiewe kantoor aan te meld sodat reg-stellings op die data-basis gemaak kan word.
Ina Bolt 011 849 2054 / 084 339 1136

Liewe gemeente.
Baie dankie vir al die goeie wense ontvang tydens Andre en Yvette se troue. Ook ons opregte dank vir jul begrip en goedgesindheid rakende die opruimingswerk wat nog nie voltooi was op Sondag nie.
Ons sê ook baie dankie vir al die donasies wat tydens en na ons verjaarsdae geskenk is vir die President Kruger kinderhuis-kinders. Die totaal wat ingekom het was R 5400.
Julle liefde word waardeer.
Liefde; Braam & Donsie

2019 ALMANAK

Die Almanak van die GKSA is propvol inligting:

- Dagstukkies
- Gemeente inligting
- Algemene inligting
- **NUUT:** QR-skandering wat padaanwysings na kerkgeboue op jou slimfoon toon

Bestel jou 2019 Almanak @ R85 elk by Ina Bolt 084 339 1136



PALMAFSLUITINGSFUNKSIE.

Alle seniorlidmate en belangstellendes word vriendelik uitgenooi na bg. Funksie.
Datum : DV 22 November 2018.
Tyd : 9:30 vir 10:00.
Koste : R 50 pp (Sluit ete in.)
Gelde word inbetaal by Adrie Goede, voor of op
5 November. Vul asb dadelik u naam, op die lys in die voorportaal in.

Gaskunstenaar: Ds Dawie Rotteveel (Sanger)

Byvoorbaat dankie aan die susters , wat die ete vir ons hanteer
Kom kuier en geniet die oggend saam met ons!

Alle navrae aan Corrie Venter (0832809659)



DS. LOUIS BUYS UITTREEPREEK

Klassis Verre-Oosrand het tydens hul vergadering van 15 September 2018 saam met die deputate van die Oostelike Streeksinode dit bewillig dat ds LJ Buys (Louis) ingevolge KO, art 13 weens siekte emeriteer.

Ds. Buys sal sy uittreepreek **Sondag 25 November** 2018 vanuit ons kerkgebou lewer, waarna daar 'n ete aangebied sal word.

Almal word hartlik uitgenooi na die erediens 25 November 2018 @ 09:00.

Lidmate wat die ete ná die erediens wil bywoon moet, vir spysenieringdoeleindes, asb. **RSVP** voor /op Sondag 18 November deur na hierdie skakel te gaan : https://goo.gl/8guvbU

Of **Skakel Ronel Ritchie**

☎**081 218 3048 /** ✉ **ronel@gkbenoni.co.za**

FRANKFORT RIVIERTOER 2018

Weens omstandighede moes die Frankfort riviertoer ongelukkig hierdie jaar afgestel word.

Geagte Kerkraad en gemeente

'n Nuwe BDIV graad (soos goedgekeur deur die kuratore) word tans infaseer vir die voorgraadse opleiding van Gereformeerde predikante. Die sinode het goedgekeur dat die voorgraadse opleiding oor afstand kan geskied in samewerking met Docenda. Ons het pas verneem dat die graad ook vir afstandsonderrig goedgekeur is.

Ons versoek dat u dit sal bekendmaak in u gemeente en jongmanne sal aanmoedig om in Potchefstroom te kom studeer, maar indien dit vir hulle onmoontlik is, om vir hierdie afstandsonderrig te registreer.

Die registrasie moet so gou moontlik plaasvind. Die aanvanklike afsnydatum is 31 Oktober 2018, maar ons probeer dit skuif na 15 November 2018. Ons sal laat weet indien die verskuiwing plaasvind.

Navrae kan gerig word aan Mev Ami Du Toit, 018 299 852351

Met dank; Gert Breed

OOSTELIKE STREEKSINODE 20 NOVEMBER 2018

Die Oostelike Streeksinode is 'n meerdere vergadering van predikante en ouderlinge van gemeentes in die streek wat sake bespreek en besluite neem wat die kerke gemeenskaplik raak, asook eksaminering van twee studente. Hierdie vergadering vind hierdie jaar by ons, GK Benoni plaas op Dinsdag 20 November. Daar word omtrent 80 verteenwoordigers verwag, waarvan party van vêr kom, en moontlik die Maandag 19 November al moet deurry.

As jy moontlik een of meer persone kan akkomodeer wat die Maandag en/of die Dinsdag dit mag nodig hê, sal dit opreg waardeer word.

Laat Ronel Ritchie 081 218 3048 of Braam Krüger 082 459 5636 weet indien jy kan help.

VETKOEK ELKE VRYDAG.

Vetkoek met matige kerrie teen R25 elk, of sonder vulsel teen R5 elk. Bestel voor Donderdae 12:00 om tussen 17:00 & 18:00 by die kerk af te haal.

Kontak Erika Kearns 073 251 8077

SOEK DIE BYBELVERS.

Verlede week se antwoord: Markus 12:41

" Jesus het toe regoor die offergawekis gaan sit en kyk hoe die mense geld daar ingooi. Baie ryk mense het geld ingegooi. Daar het toe 'n arm weduwee gekom en twee muntstukkies ingegooi. Dit was baie min werd"

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:

Jan Lubbe; Una Steyn; Martie Gibson; Chrissie Pretorius; Klein de Kock; Evert Bolt

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Hulle het hulle kans afgewag. Toe stuur hulle ??????? ?????? wat hulle as opreg voorgedoen het, om Jesus op een of ander uitspraak te probeer vastrek sodat hulle Hom aan die owerheidsgesag van die goewerneur kon uitlewer. "

Vraag: Wie het die skrifgeleerdes en priesterhoofde na Jesus toe gestuur met 'n belastingvraag?

Lees gerus Lukas en verskaf die vers waar dit staan, en SMS die naam met jou Naam en Van na 082 873 3173.

KOLLEKTES

14 Oktober Kollektes:

Diens van Barmhartigheid	R 6458
Kerkkas	R 1665

Vandag se kollektes :

Onder die diens: Diens van Barmhartigheid

By die deure: Teologiese studentekas

Volgende week: Teologiese studentekas

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

OF SNAPSCAN

Diens van Barmhartigheid

Teologiese studentekas